# Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 47 van 2021

# 21 November 2021

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

# Gebruik minder woorde!

Toe Dr Seuss sy kinderboek The Cat in the Hat geskryf het, het sy uitgewer 225 woorde aan hom gegee, wat hy deurgaans kon gebruik. Met die skryf van Dr Seuss se volgende boek het sy uitgewer Bennet Cerf hom $50 gewed dat hy nie 'n boek kon skryf, waarin hy slegs 50 woorde deurgaans gebruik nie. Toe doen hy dit. Green Eggs and Ham het 200 miljoen kopieë verkoop! Ons dink gewoonlik dat baie woorde die ding vir ons moet doen. Dit is egter nie nodig nie.

Jesus het ons geleer dat verbale stortvloede nie by God werk nie. In Matteus 6 hoor ons dat Hy nie deur massas woorde beïndruk word, wanneer ons bid nie. Hy weet presies wat ons nodig het. Daarom hoef ons God nie met indrukwekkende woorde, of met baie woorde te oorstroom nie. Hou dit kort, met ander woorde. Dieselfde leer ons in Prediker 4:17-5:2. God word nie deur baie woorde geroer nie, maar deur opregte harte. Ons bid kort en kragtig. Ons praat met integriteit met God. Minder is meer op die Here se terrein. Minder woorde, maar meer opregte woorde is wat tel. O ja, en minder woorde, maar groter geloof!

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding

*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
*Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
*Bid vir Ria Putter vir volle herstel
*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
*Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
*Bid vir mense wat COVID-19 het
*Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
*Bid vir Johan Kotze-hy is baie siek- bid vir volle genesing
*Bid vir Tannie Marinda Jordaan-bid vir volle genesing
*Bid vir Basie Roux-hy het kanker-vir volle genesing
*Bid vir Carina Haasbroek-vir volle genesing-sy het kanker
*Bid vir Nadeleen Deguay–bid vir volle genesing
*Bid vir Lettie Koekemoer vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Dezi Stinton vir volle genesing
*Bid vir Jaap Naudé vir volle genesing
*Bid vir Hanna Pienaar – sy het kanker
*Bid vir Christa de Swart vir nabyheid van die HERE




## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## Gedagte vd week




## Onthou om te onthou . . .

***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.